

ST. FRANCESCA SAVERIO CABRINI

13 NOVEMBER

(1850-1917)

Moeder Cabrini, soos sy alom bekend gestaan het, was die eerste staatsburger van die Verenigde State van Amerika om heilig verklaar te word. Sy was van Italiaanse afkoms. In Italië het sy die Sendingsusters van die Heilige Hart gestig en sy is pous Leo XIII gevra om sendingsusters na die VSA te stuur. Vir die volgende 27 jaar van haar lewe sou sy onvermoeid deur die VSA reis om sustergemeenskappe op die been te terug. In totaal stig sy meer as 60 nuwe huise. In 1909 word sy 'n Amerikaanse burger en in 1917 sterf sy in Chicago.

